# BUITEMUURS

Die volgende is aktiwiteite wat by ons aangebied word is **slegs vir ekstra versterking van vaardighede**, aangesien ons skoolprogram alles insluit wat u kindjie nodig het om hom of haar voor te berei vir suksesvolle skooltoetrede.

## DEEL VAN SKOOLPROGRAM

**Die onkoste van die volgende aktiwiteite word deur die skool gedek en al die kinders neem daaraan deel.**



- **Eksperi-maatjies**
  Wetenskapklassies skakel die dinkbreintjie aan.
- **Kleutermusiek**
  Musiekaktiwiteite bevorder volbreinontwikkeling.
- **Danelle Greeff Kinderkinetika**
  Dit is belangrik dat die kinders se groot- en fynmotoriek sterk is, sodat hulle met gemak kan leer lees en skryf.

## AKTIWITEITE GEDURENDE SKOOLURE

Die volgende buitemuurs word gedurende die oggende (in buite vryspeltyd) aangebied. Indien u hierdie aktiwiteite kies, moet u self die onkoste dra.

- Sensories Slim
  Terapeutiese program wat fokus op die samewerking tussen vaardighede nodig vir skooltoetrede.
- Hoofbeats
  Aktiwiteite word gedoen bo-op die rug van 'n ponie en hierdie aktiwiteit is voordelig vir volbreinontwikkeling.
- Karate Kids
  Voordelig vir impulsbeheer en selfdissipline.
- Stimulus Maksima
  Oefen voorvaardighede deur rekenaarprogramme.



## AKTIWITEITE NA SKOOL (van 12h30 tot 13h30)

Rugby Skills, Pocket Rocket Hokkie en Monkeynastix word by ons skool aangebied tussen 12h45 en 13h45. Indien u hierdie aktiwiteite kies mag u u kindjie daardie dae bietjie later optel. Hierdie aktiwiteite is ook op eie onkoste.

Possie Netbal en Possie Landloop word gratis aangebied.
Krieket word by die Laerskool aangebied teen 'n sessiefooi.
Gr R-Voortrekkers kom een keer 'n kwartaal op 'n Saterdag bymekaar.